ADVERTENSIE

TENNIS COACHING

Offered by
TEAM HARRISON TENNIS ACADEMY TSA REG.

Coaches @ Alberton Hoër premises.

Termly fee: R550 (group lesson)

Individual lessons also offered.

MONDAY
TIME : 14:00 - 15:00

CONTACT
PAOLA : 082 216 9606

GEDAGTE VAN DIE WEEK

" Wanneer ons alleen droom
is dit alleenlik 'n droom.
Wanneer ons saam met ander droom
is dit die begin van 'n nuwe realiteit "

Maree Clarkson

STEYNEGROETE

STEYNTJIENUUSBRIEF 2

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

19 Januarie 2017

AKADEMIE

Die personeel doen deurlopende assessering. Ouers kan hul kinders se vordering monitor deur gereeld hul skrifte te kontroleer. Die punte wat die leerders met hierdie werksopdragte kry, maak 'n groot deel uit van die rapportpunt.

Leerders moet hierdie opdragte met erns afhandel.

NUWE PERSONEEL

Baie welkom aan ons nuwe personeel vir 2017:

Mej M Viljoen, Mnr R van Rensburg, Mnr H Kleynhans, Mnr M Kleynhans en Mnr I Smith.

Dan wil ons ook vir Mev L du Plessis welkom en sterkte toewens vir die aflos by ons Gr 2-leerders in mev M Bothma (met kraamverlof) se klas.

VRYDAG-DRAG

- Beskikbaar @ **R130** per hempie.
- Kontant by klasonderwyser/es of …….
- EFT-betaling: Meld kind se naam
  Graad en
  Vir: Vrydagdrag
- Graad 1 leerders dra vanaf 3 Februarie 2017 hul **Vrydag-drag:**

Donkerblou lang denim en oorwegend wit tekkies.
(Geen kaalvoete, geen kortbroeke)

KWARTAAL TOETSREEKS

DINSDAG	**14/02**	**AFRIKAANS**
VRYDAG	**17/02**	**ENGELS**
DINSDAG	**21/02**	**WISKUNDE**
VRYDAG	**24/02**	**SW**
DINSDAG	**28/02**	**TEGNOLOGIE**
VRYDAG	**3/03**	**KUNS EN KULTUUR**
DINSDAG	**7/03**	**EBW**
VRYDAG	**10/03**	**LO**
DINSDAG	**14/03**	**NW**

- Onthou wat jy insit sal jy terugkry.

ATLETIEK

Volgende week se byeenkomste:

WOENSDAG 25 JANUARIE (Tuis) teen LEEUWENHOF.

SATERDAG 28 JANUARIE TOP 20 Byeenkoms te RUIMSIG (Roodepoort)

* **20 atlete** word gekies wat volgens die 2007 ABSATABEL die hoogste punte kan kry. Die span sal Maandag bekend gemaak word.
Vrydag se byeenkoms is dus die laaste geleentheid wat elke atleet het om te kwalifiseer.

KASKARPRETDAG

16 MAART 2017

Die jaarlikse Kaskar-fondsinsameling gaan plaasvind op die 16e Maart 2016. Elke leerder kry volgende week 'n vorm. Help ons asb om van die projek 'n reuse sukses te maak.

- Kontak asb die klasonderwyser/es indien u iets wil borg. (bv. Hemde, pette, ens).

SKOOLFONDS VIR 2017

- Skoolgelde vir die eerste twee leerders beloop **R9 200-00** per leerder pj.
- Skoolgelde vir die derde leerder beloop **R8 280-00** pj (Minimum R828-00pm)

EEN kind hier op skool : 10 paaiemente van R 920-00 = R 9 200-00 pj
TWEE kinders hier op skool: 10 paaiemente van R 1 840-00 = R 18 400-00 pj
DRIE kinders hier op skool : 10 paaiemente van R 2 668-00 = R 26 680-00 pj

10% KORTING OP DIE VOLLE JAAR SE SKOOLGELD INDIEN <u>VOLLE</u> BETALING VAN DIE REKENING GESKIED TEEN EINDE FEBRUARIE 2017

* ***Alle agterstallige rekeninge sal aan die invorderaars oorhandig word. Sodanige ouers sal ook aanspreeklik gehou word vir die invorderingskoste.***

- **INTERNET / BANKINBETALINGS**

Internet en bankinbetalings kan gemaak word (sien besonderhede hieronder) en moet u die skoolgeldrekening-nommer gebruik as verwysing. Daar moet 'n bewys van betaling aan die finansiële kantoor gefaks word. Sonder die korrekte rekeningnommer as verwysing, kan u betaling nie geallokeer word nie.

Rekening besonderhede	**:**	**ABSA**
Tjekrekeningnommer	**:**	**210 650 008**
Takkode	**:**	**632 005**
Verwysing	**:**	**Gebruik asb skoolgeld rek nr (By finansies Kantoor)**

* ***Dit is u plig om elke maand seker te maak dat u betalings wel afgaan op u rekening.***

- **DEBIETORDERS**
  Indien u van ons debietorderstelsel gebruik maak, **<u>is u verantwoordelik</u> om seker te maak u debietorder gaan elke maand af.** Indien daar enige probleme ondervind word, skakel die finansiële kantoor. Let asseblief daarop dat 'n fooi van **<u>R 50-00</u>** gehef sal word vir elke debietorder wat nie deurgaan nie. Daar **<u>MOET</u>** elke jaar nuwe debietorders ingevul word.

Ons herinner ouers daaraan dat u asb die nodige debietordervorms by die skool moet kom afhaal, invul en weer terugbesorg aan mev C Müller sodat ons die nodige data kan inlees.

- Die vorm moet asb so spoedig moontlik voltooi word sodat die nodige debietorder in werking kan tree. Baie dankie vir u hulp in dié verband.

SKOOLKLERE : LEWERANSIERS

Enige ouer wat probleme ondervind het by die Leweransiers van ons skoolklere, stel ons asseblief in kennis sodat ons die saak kan ondersoek.